

Nuusbrief 9 14 Maart 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen

083 454 2843 wilnav@leeuwenhof.co.za

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Baie dankie!

Kaskardag

Bl. 2 Uitstappie

Langnaweek

Welpierugby

Bl. 3 Belangrike datums

Nalatenskap

Bl. 4 Nalatenskap

Gesond eet

Gesond drink

BAIE DANKIE!:

Ons kan net **baie, baie dankie** sê vir die wonderlike wyse waarop die kaskardag ondersteun is! Ons ouers is sterre en ons het sover 'n bedrag van R123,000 ingesamel!!!!

As ons al die donasies van koek, roomysmasjiene, koffie, tee, blomme, ens. inreken, trek ons 'n entjie oor die R140,000 kerf!! Dis fantasties!

Woorde van waardering ontbreek ons totaal. Weet net dat ons elkeen se inset op die hoogste vlak waardeer!!

BAIE DANKIE! EN BAIE GELUK!!



Kaskardag:

Baie geluk aan die Kewertjie-klas en die Dinosaurus-klas, met hul eerste en tweede plekke—hul gaan melkskommels drink by die Spur in Primrose, ons sal die datum bekend maak. Die Gansies is kort op hul hakke en sal bogenoemde uitstappie meemaak.

Baie geluk aan Dennis en Melissa Engelbrecht, met uitstaande insameling op hul borglyste! Hul deel die eerste plek! Baie geluk aan Ruben Aucamp en Logan Gouws, wat die derde en vierde plek inneem.

Al ons maatjies sal 'n klein bederfie in die klas ontvang, vir die harde werk om die borglyste vol te kry! **Ons onuitspreeklike waardering vir elkeen!!!**





Uitstappie Donderdag 16 Maart:

Op Donderdag 16 Maart gaan ons maatjies lekker kuier by Kidzville in Brentwoodpark.

Hul kry die geleentheid om diertjies te voer, op 'n sleepwa wat deur 'n trekker gesleep word te ry en sommer lekker op al die apparaat te speel.

Ons trek hul uitstappie hempies by die skool aan- en weer uit, na die uitstappie.

Ons ry met ons skool se busse—een van die hoogtepunte van die uitstappie!

Langnaweek van 18 tot 21 Maart:

Ons hoop u geniet die langnaweek! Indien u ver gaan ry, bid ons u 'n veilige reis toe.

Baie geluk!:

Ons wens mnr. Johan Bezuidenhout, ons uitvoerende hoof, hartlik geluk met sy verjaarsdag op 16 Maart.



Welpierugby:

Baie dankie aan ons afrigters, wat bereid is om ons Welpies voor te berei vir hul wedstryde, wat in Mei plaasvind! Ons seuntjies geniet dit vreeslik baie!

Ons het 'n borg vir hempies of truitjies vir die wedstryde—u moet dus **asseblief nie die truitjies gaan aankoop nie!**

Koerantberig:

Ons sluit by hierdie skrywe 'n interessante koerantberiggie in, wat ons graag wil hê u moet lees—dit lyk lank, maar lees vinnig.

Dis iets om diep en ernstig oor na te dink.

Belangrike datums:

- 16 Maart:** Uitstappie na Kidzville—Voorskool
18 tot 21 Maart: Langnaweek
28 Maart: Ons kleuters trek aan soos pappa of mamma!
5 April: Bybelse “ete” vir ons kinders—net druiwesap en ongesuurde brood—ons vier die eerste nagmaal!
Ons trek Bybelse klere aan, somer van lakens, handdoeke, serpe of stukke materiaal gemaak.



Strategieë vir die bou van jou nalatenskap: Dr James Dobson

Die oorgrote meerderheid mense wat Jesus as hul Heer en Verlosser aanvaar, doen dit reeds as kind. Jou belangrikste taak is dus om 'n geestelike klimaat in jou huis te skep, wat kan help om kind se geloof te laat groei.

Bybels vir almal: Dis gaaf as elkeen in die gesin 'n Bybel of Kleuterbybel het. Lees voor slapenstyd daaruit—Die Woord voorsien 'n leeftyd van lig vir sy kinders op hul lewenspad.... 'n kuur vir hul lewenslange stryd met sonde.



Strategieë vervolg:

Memoriseer die Skrif: Help kinders om belangrike verse uit die Skrif te memoriseer.

Leer hulle om te bid: As jy hulle leer bid, gee dit jou ook die geleentheid om hulle nog 'n manier te wys waarop hulle die Here kan vereer.

Tafelpraatjies: Jou nalatenskap kan in die alledaagse oomblikke gevind word, soos om 'n gesprek aan etens-tafel aan te knoop.





Strategieë vervolg:

Sing saam: Die is 'n viering van vriendskap met God. Betekenisvolle woorde in pragtige melodieë het deur die eeue miljoene gelowiges dwarsoor die wêreld help leer, vertroue en hoop gegee.

Sluit by 'n plaaslike kerk aan: Daar is 'n soort ekstase daarin om as gesin saam te sit en die Here wat jul liefhet te aanbid. Jou kind hoor jou stem sing en bid en dit skep 'n band met Christus, sy familie en met jou.

Gee jou geloof aan: Gesels met hulle oor die behoefte daaraan om God se gawe van genade te ontvang en bespreek jou eie geloofsreis met hulle.

Hoe kry jy die regte kos in jou kind se lyfie?

- Stel 'n voorbeeld.
- Maak gesond eet pret.
- Pak 'n lekker gesonde kosblik in.
- Verduidelik aan jou kind wat gesonde kos doen.
- Speel speletjies aan tafel soos om te noem watter voedingstowwe in watter kos is.
- Kweek saam met jou kind 'n groentetuin.



Wat moet kinders drink?:

'n Sesjarige het sowat 1 en 'n half liter vloeistof per dag nodig. 500 ml kan melk wees en die res water. Kinders behoort nie elke dag vrugtesap of koeldrank te drink nie. Dis 'n goeie gewoonte om water te drink, waarby kinders lewenslank baat vind. Tee sonder suiker is ook 'n goeie idee. As hul gewoond is aan suiker in die tee, kan dit geleidelik verminder word. *Zelda Ackerman, Dieetkundige.*

Ons hoop ons maatjies geniet hul goeie en gesonde gewoontes!

Vriendelike groete!

Wilna van Rooyen